

Was die Groot Trek werklik groot? 'n Historiografiese ondersoek na die gevolge en betekenis van die Groot Trek

Was the Great Trek really great? A historiographical inquiry into the consequences and significance of the Great Trek

PIETER DE KLERK

Vakgroep Geskiedenis, Noordwes-Universiteit (Vaaldriehoekkampus)

E-pos: Pieter.deKlerk@nwu.ac.za



Pieter de Klerk

PIETER DE KLERK is professor in Geskiedenis aan die Vaaldriehoekkampus van die Noordwes-Universiteit. Hy het aan die Potchefstroomse Universiteit vir CHO (tans bekend as die Noordwes-Universiteit) en aan die Vrije Universiteit van Amsterdam gestudeer, voordat hy in 1971 die graad D.Litt. in Geskiedenis aan eersgenoemde inrigting verwerf het. Hy is in 1968 as junior lektor in Geskiedenis op die Potchefstroomkampus van die PU vir CHO aangestel en is sedert 1983 aan die Vaaldriehoekkampus verbonde. Hy is die ouiteur van 'n aantal boeke en artikels op, hoofsaaklik, die volgende terreine: die teorie en filosofie van geskiedenis, historiografie en vergelykende geskiedenis. Hy het verskeie voordrage op internasionale en binnelandse vakkonferensies gelewer en was redaksielid van enkele akademiese tydskrifte.

PIETER DE KLERK is professor of History at the Vaal Triangle Campus of North-West University. He studied at the Potchefstroom University for CHE (presently called Northwest-University) and at the Free University of Amsterdam, before he obtained the degree D.Litt. in History in 1971 at Potchefstroom University. In 1968 he was appointed as junior lecturer in History at the Potchefstroom Campus of the PU for CHE, and since 1983 he has been a staff-member at the Vaal Triangle Campus. He is the author of a number of books and articles focusing largely on the following fields of expertise: the theory and philosophy of history, historiography and comparative history. He has presented several papers at international and national academic conferences and has served on the editorial boards of a number of scholarly journals.

ABSTRACT

Was the Great Trek really great? A historiographical inquiry into the consequences and significance of the Great Trek

Since the late nineteenth century historians have discussed the consequences and significance of the Great Trek. G M Theal, who wrote an authoritative multi-volume history of South Africa, described the Trek as a unique event in the history of modern colonisation. He, together with scholars such as G E Cory and M Nathan, saw the importance of the Great Trek especially in terms of the expansion of Western civilisation and Christianity into the eastern parts of South Africa.

During the period between approximately 1900 and 1980 many Afrikaans-speaking historians were strongly influenced by Afrikaner nationalism. They linked the Great Trek to the birth of the Afrikaner nation. Some historians, such as G S Preller and C Beyers, saw the Voortrekkers as people who were already conscious of their identity as a nation and wanted to become free of British dominance. Later historians, such as G D Scholtz, C F J Muller and F A van Jaarsveld, believed that Afrikaner nationalism only developed after the Great Trek, but that the Trek prevented the anglicization of the Boers in the Cape Colony and therefore made possible the development of an Afrikaner nation.

W M Macmillan, E A Walker and C W de Kiewiet, three prominent members of the liberal school of historians, also regarded the Great Trek as a very important event in the development of South Africa, but thought that it had mainly negative consequences. In their opinion, the Voortrekkers had escaped from the economic and political changes in the Cape Colony with the aim of preserving an antiquated way of life. In the Boer republics, and later in the Union of South Africa, the racial policies of the Dutch colonial period were continued, instead of the liberal racial policies practised in the Cape Colony under British rule. Some contemporary historians still accept major elements of the early liberal interpretations. Authors with a Marxist viewpoint, such as D Taylor and W M Tsotsi, also regarded the Voortrekkers as representatives of a pre-capitalist economic system, but at the same time saw them as the vanguard of the imperialist advance in Africa; the Voortrekkers were conquerors and the oppressors of the indigenous population. P Delius, T Keegan and others, however, viewed the Voortrekkers as being part of the expanding capitalist system in Southern Africa.

Since the 1960s a number of historians argued that the Great Trek should not be seen as a central event in the development of South Africa. A R Willcox and N Parsons emphasized the similarities between the Great Trek and the Mfecane. N Etherington, who is critical of traditional views of the Mfecane as a dispersal of peoples in Southern Africa caused by the rise of the Zulu kingdom under Shaka, viewed the Great Trek as one of a number of "treks" by various groups during the period 1815–1854. According to him the Great Trek was not larger or more significant than the other migrations and therefore does not deserve to be called "great".

During the last four decades several Afrikaans historians pointed out that the Great Trek had a number of diverse consequences. From the perspective of the history of the Afrikaners there were various negative consequences. As a result of the Trek, the Afrikaners remained politically divided for many years. Furthermore, the Trek resulted in the cultural and economic isolation of the Boers. The Great Trek increased the conflicts between the Boers and indigenous tribes, but, on the other hand, stimulated trade between black and white groups.

It would appear that in their various interpretations of the consequences of the Great Trek historians were influenced by the circumstances of their own time. Consequences which during a certain period seemed very important are now no longer regarded as particularly significant. De Kiewiet, for instance, pointed out in 1941 that the Great Trek connected the future development of the whole of South Africa with the Afrikaners, but today the Afrikaners are no longer the politically dominant group. Interpretations of the significance of the Great Trek have also been strongly influenced by philosophical and ideological views. Afrikaner nationalists, African nationalists, Marxists and liberal historians have emphasized different consequences. While the view of the liberal school that the Great Trek caused the continuation of non-liberal racial policies had been influential for a long time, it was challenged by later scholars who regarded racism and apartheid as products of capitalism and colonialism.

Some statements on the long term consequences of the Great Trek are speculative and cannot be proved or disproved. Among these are the proposition of several Afrikaner historians that the

descendants of the Voortrekkers would have been completely anglicized if they had remained in the Cape Colony; and the statement by De Kiewiet that the Great Trek had prevented the development of separate white and black states in Southern Africa.

The Great Trek was an important phase in the Western colonisation of South Africa. Early historians such as Theal saw the colonisation process as a positive development. For African nationalist writers, however, colonisation meant primarily the oppression of the indigenous peoples. Political decolonisation did not bring an end to the process of westernisation and modernisation in Africa, and the dominant political and economic system in South Africa today is mainly of Western origin. The Great Trek was a key event in the history of South Africa, comparable with events such as the British conquest of the Cape Colony in 1806 and the transfer of political power to the black majority in 1994.

KEY CONCEPTS: Great Trek, Voortrekkers, South African history, historiography, Afrikaner nationalism, African nationalism, liberal historians, radical historians, colonisation, capitalism, racial policy.

TREFWOORDE: Groot Trek, Voortrekkers, Suid-Afrikaanse geskiedenis, historiografie, Afrikanernasionalisme, Afrikanasionalisme, liberale historici, radikale historici, kolonisasie, kapitalisme, rassebeleid.

OPSUMMING

Sedert die laat negentiende eeu het historici die gevolge en betekenis van die Groot Trek bespreek. Daar kan verskillende hooftendense in die interpretasies onderskei word. Daar is eerstens die vroeë beskouing dat die Trek die beskawing in suidelike Afrika uitgedra het. Tweedens is daar die siening van Afrikaanse historici dat die Groot Trek die totstandkoming van die Afrikanervolk moontlik gemaak het. Derdens het lede van die liberale skool van historici die Trek beskou as 'n ontvlugting van progressiewe Britse beleidsmaatreëls in die Kaapkolonie; dit was 'n ramp vir die ontwikkeling van Suid-Afrika. Vierdens is daar die siening van die radikale skool dat die Groot Trek 'n fase was in die uitbreiding van kapitalisme en kolonialisme in Suid-Afrika. Vyfdens is daar die resente opvatting dat die Groot Trek net een van verskeie migrasies in Suid-Afrika was en nie uitgesonder kan word as van besondere betekenis nie. Sesdens beskou latere Afrikaanse geskiedskrywers die Trek as 'n gebeurtenis met uiteenlopende gevolge. Dit blyk dat historici steeds beïnvloed is deur tydsomstandighede in hul beklemtoning van bepaalde gevolge van die Trek. Sommige van hul stellings oor die langtermyngevolge van die Trek is spekulatief en kan moeilik gestubstansieer word. Gesien binne die perspektief van die huidige tydsgewrig was die Groot Trek primêr deel van 'n omvattende proses van verwestering en modernisasie in suidelike Afrika. Alhoewel dit nie as dié sentrale gebeurtenis in die geskiedenis van Suid-Afrika gesien kan word, soos vroeër dikwels beweer is nie, is dit tog een van 'n klein aantal sleutelgebeurtenisse in die geskiedenis van die land.

INLEIDING

The trek of 1836-1840 was only one of many treks undertaken by people following different leaders, speaking different tongues, honouring different ancestors, and seeking different homelands. It has no special claim to be called Great. (Etherington 2001:344.)

Die Australiese geskiedskrywer Norman Etherington se resente boek *The Great Treks* (2001) het skerp kritiek van vakgenote soos Saunders (2002) en Visagie (2005) ontlok, maar daar was ook positiewe kommentaar van bekende akademici soos Carruthers (2002), Lester (2002), Parsons

(2002) en Bundy (2007).¹ Etherington impliseer in die aanhaling hierbo dat die Groot Trek nie besonder belangrik is in vergelyking met ander migrasies of trekbewegings in suidelike Afrika gedurende die eerste helfte van die negentiende eeu nie. Dit bring dus opnuut die vraag na die gevolge en betekenis van die Groot Trek na vore, 'n kwessie wat Etherington se kritici nie diepgaande bespreek nie. Daar het reeds vanaf die 1960's 'n aantal tekste verskyn wat handel oor die verskillende interpretasies rakende die gevolge en betekenis van die Trek, onder meer van die hand van Muller (1963 en 1974: 18-48), Smith (1988:70-76) en Van Jaarsveld (1992:91-112). In die lig van ontwikkelinge in Suid-Afrika gedurende die afgelope paar dekades en van resente historiese studies kan dit van waarde wees om 'n geheelbeeld oor die verskillende standpunte wat sedert die negentiende eeu oor hierdie kwessie gehuldig is te vorm en in die lig daarvan kortlik te herbesin oor die gevolge en betekenis van die Groot Trek.

Oor die beeld van die Groot Trek onder negentiende-eeuse skrywers het reeds 'n uitvoerige studie, van die hand van F A van Jaarsveld (1963), verskyn. Daarom word hier net enkele opmerkings oor die vroeë beskouings gemaak. In bogenoemde werke van Muller, Smith en Van Jaarsveld is veral geskryf oor die standpunte van historici voor ongeveer 1970, maar die invloed van hul beskouinge strek nog tot in die huidige tyd. Die sienings van hierdie historici word daarom weer kortlik saamgevat en verder word in besonder aandag gegee aan die geskiedwerke van die afgelope vier dekades.

In die artikel word gekonsentreer op die publikasies van wetenskaplike geskiedskrywers en nie gepoog om na te gaan in watter opsigte hulle beskouinge in populêre werke en skoolhandboeke deurgewerk het nie.

Daar kan verskillende hooftendense in die interpretasie van die gevolge en betekenis van die Groot Trek onderskei word. Daarvolgens word die historiografiese oorsig in 'n aantal afdelings verdeel. In die slotafdeling word enkele gevolgtrekkings oor die betekenis van die Groot Trek gemaak.

DIE GROOT TREK EN DIE UITDRA VAN DIE BESKAWING IN SUIDELIKE AFRIKA

Gedurende die periode dat die Voortrekkers die Kaapkolonie verlaat het en in die jare kort daarna was dit vanselfsprekend nie moontlik om 'n idee te vorm van die gevolge en betekenis van die Trek nie. Uit Van Jaarsveld se *Die tydgenootlike beoordeling van die Groot Trek, 1836-1842* (1962, herdruk in Van Jaarsveld, 1974), waarin hoofsaaklik koerantartikels en reisigersverslae behandel word, blyk dit dat daar reeds in daardie jare skrywers was wat dit beskou het as "the most perplexing occurrence ever known in a British Colony" (Van Jaarsveld, 1974:9). Verder vermeld Van Jaarsveld in sy *Die beeld van die Groot Trek in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing (1843-1899)* dat die Trek reeds in 1877 as 'n belangrike skeidingspunt in die geskiedenis van Suid-Afrika bestempel is (Van Jaarsveld 1963:36). Dit blyk ook uit hierdie werk dat 'n hele aantal vroeë outeurs, Engels- en Nederlandstalig, die Trek gesien het as 'n beweging wat die binneland van suidelike Afrika vir die beskawing en die Christendom ontsluit het (Van Jaarsveld 1963:11,19, 59, 63, 65).

Hierdie beskouing oor die betekenis van die Trek kom ook na vore in die werk van die negentiende-eeuse historikus G M Theal, wat 'n groot invloed op die interpretasie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis vir verskeie dekades sou hê.² Hy het in 1887 'n boek oor die "wanderings

¹ Vergelyk Etherington (2008:323-324, 332).

² Vergelyk Saunders (1988:9); Smith (1988:31).

and wars of the emigrant farmers” (soos hy die Voortrekkers noem) die lig laat sien (Theal 1887). Dié werk het later deel geword van sy *History of South Africa* (1918-1919, vierde hersiene uitgawe), wat uit elf bande bestaan. Hy beskou die Trek as ’n unieke gebeurtenis in die geskiedenis van moderne kolonisasiebewegings (Theal 1887:59). Die konflikte tussen die Voortrekkers en die swart stamme sien hy as ’n stryd tussen Christendom en beskawing aan die een kant en heidendom en barbarisme aan die ander.³ Hy meen onder meer dat die Trekkers ’n groot diens aan Suid-Afrika bewys het deur die onderwerping van Zulu’s; hiermee is ook kleiner stamme bevry van tirannie en verdrukking (Theal 1902:231). Latere historici soos Cory (1919, 1926) en Nathan (1937), wat albei uitgebreide werke oor die Trek gelewer het, sluit in hul beskouinge oor die gevolge van die Groot Trek nou by Theal aan. Cory beskryf die Trek vanuit die standpunt van die blanke koloniste wat hul teen die primitiewe inheemse stamme moet verset,⁴ terwyl Nathan (1937:394) van mening is dat die betekenis van die Trek veral daarin lê dat dit die binneland vir die beskawing oopgestel het.

DIE GROOT TREK EN DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE AFRIKANERVOLK

Die beskouing dat die Groot Trek in die eerste plek van betekenis was omdat dit gelei het tot die totstandkoming van ’n volk met ’n eie identiteit kom reeds in die laat negentiende eeu by ’n skrywer soos Voigt (1899a en 1899b) voor. Hy sien die Groot Trek as ’n voortsetting van die opstande in Graaff-Reinet en Swellendam in 1795. Volgens hom was die Groot Trek ook ’n opstand teen vreemde oorheersing wat uitgeloop het op die stigting van vrye Afrikanerrepublieke (Voigt 1899a:332-337, 1899b:15-16; vgl. Van Jaarsveld 1992:101). In die twintigste eeu, selfs tot in die tagtigerjare, is soortgelyke beskouings deur die meeste Afrikaanstalige historici gehuldig. Hierdie siening is dan ook nou verweef met die opkoms en bloei van Afrikanernasionalisme. Die vroeg twintigste-eeuse historikus J H Malan (1913:271) skryf dat as die Voortrekkers nie die Kaapkolonie verlaat het nie, die Afrikaners hul identiteit sou verloor het; “als daar geen trek was nie, was daar geen aparte nasionale bestaan meer”. Dit is veral Gustav Preller wat verbind word met die beskrywing van die Voortrekkers as helde en die Trek as ’n reeks heroïese gebeure. Hy wou op hierdie wyse die Afrikaanse nasionale gevoel versterk. Latere historici (Afrikaans- en Engelstalig), het sy interpretasies gekritiseer en verklaar dat hy met sy vertolking van die Trek die weg gebaan het vir die totstandkoming van ’n Afrikaanse Groot Trek-mitologie.⁵ In sy biografie van Piet Retief skryf Preller dat hierdie Voortrekkerleier die stigter van die Afrikanernasie genoem kan word; “hy het hom met die Voortrekkers, met sy volk, duidelik voor oë gestel die nastrewing van ’n ideaal, wat insluit ’n onafhanklike ontwikkeling en voortbestaan van dié volk as nasionale eenheid op die wêrld” (Preller 1920:345).

Die verbintenis wat tussen die Groot Trek en die totstandkoming van die Afrikanervolk gelê is, is veral duidelik verwoord in ’n artikel wat opgestel is met die oog op die Voortrekkerreeufes van 1938 en in die *Argiefaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* opgeneem is (Beyers 1941). Volgens hierdie publikasie was die denkbideal van vryheid, wat in die laat agtiende eeu onder Kaapse Patriotte posgevat het, die groot dryfveer vir die Voortrekkers om die Kaapkolonie te verlaat; “dit was dus as nasionaal bewuste Afrikaners dat die Voortrekkers hul geboortegrond, waar hulle volgens hul Patriotse sienswyse in ’n toestand van slawerny verkeer het, verlaat het” (Beyers 1941:14). Beyers meen dat die Groot Trek “n allerbelangrikste moment in die Suid-

³ Vergelyk Theal (1887:357); Van Jaarsveld (1963:52).

⁴ Vergelyk Muller (1963:54-55); Van Jaarsveld (1974:55); Smith (1988:47-48).

⁵ Vergelyk Muller (1963:53-54); Thompson (1985:180); Van Jaarsveld (1992: 28).

Afrikaanse geskiedenis" is en "ontenseglik die beslissende faktor...in die groei en wording van die Afrikanernasie" (Beyers 1941:1).

In Afrikaanse oorsigwerke oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis kom soortgelyke beskouinge na vore. Gie (1939:296) skryf dat die doel van die Groot Trek in een woord saamgevat kan word, naamlik "vryheid". In 'n hoofstuk van *Geskiedenis van Suid-Afrika* verklaar Van der Walt (1951: 264; 1964:188) dat die Trek "ongetwyfeld een van die gewigtigste gebeurtenisse in die geskiedenis van Suid-Afrika tot nou toe" is; dit was in groot mate verantwoordelik vir die "handhawing van 'n rassuiwere blanke gemeenskap in Suid-Afrika" en die "voortbestaan van 'n staatkundig vrye en selfstandige Afrikanernasie".

Verskeie Afrikaanse historici het in die loop van die twintigste eeu geskryf dat die ontwikkeling van 'n nasionale bewussyn onder die Afrikaners in die Oos-Kaap as een van die oorsake van die Trek beskou moet word en dat hierdie bewussyn deur die Trek versterk is, terwyl ander van mening was dat 'n nasionale Afrikaanse gevoel eers heelwat later ontstaan het (vgl. De Klerk 2008). Laasgenoemde skrywers het nogtans geglo dat die Trek verhoed het dat die Afrikaners in die Kaapkolonie heeltemal verengels het en sodoende dus die totstandkoming van 'n Afrikaanse volk moontlik gemaak het. Dit is die standpunt van prominente Afrikaanse historici soos Scholtz (1970:609), Muller (1974:21-22) en Van Jaarsveld (1982:151). Hierdie skrywers sien egter nie meer die ontstaan en voortbestaan van die Afrikanervolk as die enigste of allesoorheersende gevolg van die Trek nie.

DIE GROOT TREK AS 'N ONTVLUGTING EN 'N RAMP

Engelstalige geskiedskrywers in die eerste helfte van die twintigste eeu het eweneens die Groot Trek as 'n sentrale gebeurtenis in die geskiedenis van Suid-Afrika gesien, maar was veral van mening dat dit groot negatiewe gevolge ingehou het; dit was 'n ramp wat tot konflik en die voortsetting van 'n verouerde ekonomiese en sosiale stelsel geleid het en wat politeke, ekonomiese en maatskaplike vooruitgang gestrem het.

Op die vooraand van die unifikasie van Suid-Afrika in 1910 beskou Cana (1909) die gevolge van die Trek veral in 'n negatiewe lig. Die Groot Trek het geleid tot die verlies aan administratiewe eenheid van Suid-Afrika; naas die Kaapkolonie het drie nuwe state, naamlik Natal en die twee Boererepublieke tot stand gekom. Met die unifikasie is die staatkundige eenheid van Suid-Afrika egter weer herstel (Cana 1909: vii).

Ook Macmillan (1927:247-248) wys daarop dat die Groot Trek tot politieke verdeeldheid in Suid-Afrika geleid het. Hy sien die Trek as "essentially a conservative movement, a chance seized by men bent on preserving a way of life, and the manner of thought of an age which elsewhere was dying or already dead" (Macmillan 1963:195). Die republieke was ekonomies agterlik en die Boere het 'n lae lewenstandaard gehandhaaf. Sodoende het die Trek die grondslae gelê vir die armlankvraagstuk (Macmillan 1927:247). Die Trek het verder daartoe geleid dat blankes en swart stamme nou in 'n baie groter gebied met mekaar kontak gemaak en ook met mekaar in botsing gekom het (Macmillan 1963:210). Die verouerde rasbeleid van die Nederlandse tydperk en die negatiewe houding van die blanke koloniste teenoor die swart mense is in groot dele van Suid-Afrika voortgesit. Daarom was die Trek "the great disaster of South African history" (Macmillan, 1927:247-248; vgl. Saunders, 1988:70).

Walker (1965:374) sien, soos Macmillan, die Groot Trek as "a long series of flights from the oncoming nineteenth century in British uniform". Tegelykertyd was dit "the central event in the history of European man in southern Africa; the results that have flowed from it can be traced far

north to the equator and beyond" (Walker 1965:8). Hy sluit by Macmillan aan in sy siening dat blanke rassisme ontwikkel het in die grensgebiede van die Kaapkolonie waar koloniste met inheemse stamme in aanraking gekom het en dat hierdie beskouinge deur die Groot Trek verder in die binneland versprei is (Walker 1930; vgl. Saunders, 1988:114-115).

De Kiewiet (1941:56) huldig 'n soortgelyke opvatting. Die Voortrekkers het die "non-literary and non-industrial habits of the eighteenth century" deur die Groot Trek tot diep in die negentiende eeu ingedra. Praktyke wat in Kanada toegepas is, naamlik dat 'n groot aantal blanke boere in 'n relatief klein gebied gevestig is, is deur die Trek verhinder. Oor groot dele van die land was daar nou "a thin layer of Dutch settlement". Die Groot Trek het die toekoms van Suid-Afrika onlosmaalklik met die Afrikaner verbind en ook meegebring dat 'n verdeling van Suid-Afrika in aparte blanke en swart gebiede onmoontlik geword het.

Beskouings wat in baie opsigte ooreenstem met dié van Macmillan, Walker en De Kiewiet, drie vername figure van die vroeë liberale skool van historici (vgl. Smith 1988:103-131), word deur verskeie latere historici soos Fredrickson (1981:49), Giliomee (1981:99), Peires (1989:511) en Thompson (1995:280) gehuldig. In die *Reader's Digest Illustrated History of South Africa* (Reader's Digest, 1988:78), waaraan verskeie historici meegewerk het, word verklaar dat die stelsel van kapitalisme met die Britse oorname van die Kaapkolonie na Suid-Afrika gekom het en dat hierdie stelsel aanpassings van die koloniste gevra het wat die Afrikaanssprekende boere nie wou maak nie. Die Groot Trek was dus 'n poging om die kapitalisme te ontvlug en 'n soort feodale leefwyse voort te sit. In hul invloedryke oorsigwerk oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis voor 1840 skryf Elphick en Giliomee (1989:560-561) dat die Voortrekkers die Kaapkolonie verlaat het met, onder meer, die oogmerk om die tradisionele sosiale orde, soos dit in die Kaapkolonie gedurende die agtiende eeu sy beslag gekry het, voort te sit en dat die Trek meegebring het dat hierdie orde nog vir etlike geslagte sou voortbestaan. Die Trek het dan ook gelei tot die uitbreiding van 'n stelsel van ekstensiewe landbou, gebaseer op 'n groot inheemse arbeidsmag, na ander dele van Suid-Afrika.

DIE GROOT TREK EN DIE UITBREIDING VAN KAPITALISME EN KOOLONIALISME

Aansluitend by die beskouings wat in die vorige afdeling bespreek is, beskou skrywers met 'n Marxistiese uitgangspunt soos Dora Taylor (Majeke 1952) die Voortrekkers as verteenwoordigers van 'n voorkapitalistiese fase in die geskiedenis. Hulle was volgens haar egter ook die handlangers van die Britse owerheid en die sendelinge, wat die swartmense vir die doeleindes van die uitbouing van die kapitalistiese stelsel in Suid-Afrika onder hul gesag wou bring. Die Groot Trek vorm vir Taylor dus deel van 'n proses van verowering en verdrukking van die swart bevolking.⁶ Magubane (1979:32) en Tsotsi (1981:20), wat soos Taylor die Suid-Afrikaanse geskiedenis vanuit die perspektief van die swart bevolking interpreer, beskou die Voortrekkers eweneens as mense wat 'n agterlike ekonomiese stelsel beoefen het. Tog, alhoewel die Voortrekkers dit self nie besef het nie, was die Groot Trek die voorhoede van die imperialistiese opmars in Afrika, wat sou uitloop op die laat negentiende-eeuse "scramble for Africa", 'n gebeurtenis wat volgens Tsotsi ook die "rape of Africa" genoem kan word (Tsotsi 1981:23; vgl. Gebhard 1988:43). Hoewel die werke van Taylor, Magubane en Tsotsi op historiese bronnestudie gebaseer is, maak die skrywers geen geheim van hul politieke oogmerke nie, naamlik om met hul publikasies die verkryging van gelyke

⁶ Majeke, Introduction, ongenommerd; vgl. Van Jaarsveld (1974:101); Muller (1974:37); Saunders (1988:137).

regte vir en politieke beheer deur swartmense in Suid-Afrika te bevorder (vgl. Majeke 1952: Introduction; Magubane 1979: xii).

Benewens bogenoemde skrywers van polemiese werke het 'n groot groep historici met 'n Marxistiese, of ten minste materialistiese, benadering tot die geskiedenis, na wie meesal as die radikale skool verwys word, belangrike bydraes tot die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing gelewer. (vgl. Saunders 1988: 165-191; Smith 1988:155-228). Oor die algemeen het hierdie historici nie veel oor die Groot Trek geskryf nie, maar sommiges, in besonder Peires (1989), het by die beskouing van die liberale rigting aangesluit dat die Voortrekkers se ekonomiese en sosiale stelsel as pre-kapitalisties beskou moet word (vgl. Etherington 1991:10). 'n Ander skrywer van die radikale skool, Delius (1983:33), beklemtoon dit egter dat die Voortrekkers nie aan die ekonomiese ontwikkeling in die Kaapkolonie probeer ontsnap het nie en in die Boererepublieke huis hul bande met die wêreldekonomie probeer versterk het, onder meer deur hul pogings om 'n eie hawe te bekom (vgl. ook Du Bruyn 1997:139-142). Keegan (1988:3-5 en 1996:159-160, 189-196) sluit hierby aan. Hy kritiseer ook die beskouing van die liberale historici dat die Groot Trek daartoe gelei het dat die Boere se rasselfeskouings uiteindelik dominerend in die hele Suid-Afrika geword het. Hy meen dat die vroeë liberale skrywers in hul positiewe waardering van die Britse koloniale beleid as gerig op die uiteindelike assimilasie van die swartmense in die Westerse kultuur uit die oog verloor het dat hierdie ideale net bereik kon word deur verowering en onderwerping (Keegan 1996:7-8). Die twintigste-eeuse rasselfestel in Suid-Afrika het voortgekom uit die integrasie van Suid-Afrika in die Europees gedomineerde kapitalistiese wêreldekonomie van die negentiende eeu (Keegan 2001:292). Maylam (2001:93-99) bestempel dit as 'n mite dat die Voortrekkers en hul afstammelinge se rasselfraktyke meer verdrukkend was as dié van die Britse koloniste. Rassisme in Suid-Afrika was nie iets waarvoor net die Afrikaners verantwoordelik was nie; dit spruit voort uit die hele stelsel van kolonialisme.

DIE GROOT TREK AS DEEL VAN VERSKEIE MIGRASIES IN SUIDELIKE AFRIKA

In die sestigerjare van die twintigste eeu was daar onder historici in verskillende wêrelddele 'n oplewing van belangstelling in die geskiedenis van pre-koloniale Afrika. Ook in Suid-Afrika is meer navorsing oor die geskiedenis van die inheemse bewoners gedoen en gepoog om hulle geskiedenis in 'n groter mate met dié van die Westerlinge in Suid-Afrika te integreer. Latere historici van die liberale en radikale skole het dan ook op die geskiedenis van die swartmense gefokus.

Die *Oxford History of South Africa* (Wilson & Thompson, 1969-1970) is die eerste gesaghebbende oorsigwerk waarin die inheemse bewoners in die sentrum van die geskiedenis geplaas word.⁷ In hierdie publikasie word die verloop van die Groot Trek redelik uitgebreid behandel, maar as onderafdelings van twee hoofstukke getiteld "Co-operation and conflict: the Zulu kingdom and Natal" en "Co-operation and conflict: the High Veld". In die twee hoofstukke kom die interaksie tussen die Voortrekkers en die inheemse groepe duideliker na vore as in die meeste vroeëre werke, hoewel daar nie 'n goeie geheelbeeld van die Trek gebied word nie. Die redakteurs van die *Oxford History* het, volgens die voorwoord tot die werk, hulle onder meer ten doel gestel om mites oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis te weerlê, en sommige kritici van hierdie geskiedwerk is van mening dat, in reaksie op die groot klem wat Afrikanerhistorici op die Groot Trek gelê het, daarin doelbewus gepoog is om hierdie gebeurtenis as minder belangrik as wat dit

⁷ Vergelyk Van Jaarsveld (1984:58-65); Saunders (1988:154-161); Smith (1988:139-144).

vroeër gesien is voor te stel (vgl. Van Jaarsveld, 1984:63; Saunders, 1988:157). In 'n meer beknopte oorsig (Denoon & Nyeko 1984:66) word nog veel minder aandag aan die Groot Trek gegee. Daar word kortlik aangedui dat daar verskillende groepe Voortrekkers, met verskillende oogmerke, was en dat hulle, na die Mfecane, verdere ontwrigting onder die swart stamme in die binneland veroorsaak het.

In sy werk oor die Mfecane toon Omer-Cooper (1966:179-180) aan dat daar 'n komplekse verhouding tussen die Mfecane en die Groot Trek bestaan het. Willcox (1976) meen dat die Groot Trek as deel van die Mfecane gesien kan word. Die opkoms van die Zuluryk het geleei tot aanvalle op omliggende swart groepe en 'n reeks bevolkingsverskuiwings teweeggebring. Dit het ook geleei tot druk op stamme op die oosgrens van die Kaapkolonie, wat weer die blanke boere aangeval het. Hierdie aanvalle was een van die hoofredes vir die Groot Trek (Willcox 1976:192). Hy noem die Trek dan ook "the White Difaquane" (Willcox 1976:193). In aansluiting by Willcox verwys Parsons (1993:93) na die Groot Trek as die "Afrikaner Difaqane".

In die 1980's het daar 'n debat onder historici ontstaan oor die vraag of die Mfecane wel bestaan het en of dit as 'n historiese mite beskou moet word. Die historikus Julian Cobbing het verklaar dat blanke skrywers die konsep van die Mfecane as 'n reeks volksverhuisings in Suider-Afrika wat deur die opkoms van die Zulukoninkryk onder Shaka aan die gang gesit is, gevorm en bekend gestel het om daarvan te verbloem dat dit eintlik die arbeidsbehoeftes van die Kaapse koloniste en die aktiwiteit van slawehandelaars van Delagoabaai was wat geleei het tot die ontwrigting van baie swart gemeenskappe (Hamilton 1995: 1). Omer-Cooper (1995:277-298) en anderde het Cobbing se teorie grotendeels verwerp, maar verskeie historici het hulle in mindere of meerder mate daarmee vereenselwig. Een van die historici wat Cobbing se beskouing, wat verskeie aspekte daarvan betref, ondersteun, is Etherington wat in 1991 verklaar het dat as die konsep van die Mfecane hersien moet word dieselfde behoort te geld vir die Groot Trek (Etherington 1991:3). In *The Great Treks* (Etherington 2001), probeer hy aantoon dat die Groot Trek as een van 'n reeks trekbewegings in Suid-Afrika gedurende die periode 1815-1854 gesien moet word. Etherington verklaar dat hy deur die werk van die Waarheids- en Versoeningskommissie beïnvloed is om "waarheids- en versoeningsgeskiedenis" te skryf (Etherington 2001:xii) en glo dat "in a fair and democratic history all people would count the same" (Etherington 2001:5). Hy wil met sy publikasie dan ook bydra tot 'n meer "demokratiese" siening van die Groot Trek. Terwyl Afrikaanse geskiedskrywers met nasionalistiese beskouings die betekenis van die Groot Trek, volgens hom, heeltemal buite proporsie opgeblaas het, wil hy aantoon dat die Groot Trek, wat eintlik nie dié naam verdien nie (Etherington 2001:344), gesien moet word as net een van verskeie "trekke" en nie werklik so belangrik nie. Hy besin nie in sy werk oor die gevolge van die Groot Trek en die ander "trekke" nie en probeer glad nie die vraag beantwoord of die Groot Trek se gevolge verskil van of meer ingrypend is as die gevolge van die ander trekbewegings nie.⁸ Etherington lewer met hierdie werk wel 'n bydrae om die Groot Trek binne die wyer konteks van al die gebeure en ontwikkelinge in die oostelike dele van Suid-Afrika gedurende die eerste helfte van die negentiende eeu te plaas, maar hy bereik nie sy oogmerk om aan te toon dat die Groot Trek nie van besondere betekenis in die ontwikkeling van Suid-Afrika was nie.

Daar het in die afgelope dekades 'n groot aantal oorsigwerke oor die geskiedenis van Afrika verskyn. In die uitgebreide oorsig van Ajayi (1989) word eintlik net terloops na die Groot Trek verwys, maar in resente oorsigwerke soos dié van Freund (1998:65-71) en July (1998:241-245) word wel 'n aparte afdeling aan die Trek gewy. Hierdie skrywers behandel die Trek oor die algemeen baie feitlik, sonder om die betekenis daarvan te bespreek.

⁸ Vergelyk die kritiek van Saunders (2002:300-307).

DIE GROOT TREK AS 'N GEBEURTENIS MET UITEENLOPENDE GEVOLGE

Soos reeds in 'n vorige afdeling aangedui, word die betekenis van die Groot Trek deur latere Afrikaanse historici nie meer uitsluitlik verbind met die totstandkoming en vrywording van die Afrikanervolk nie en word deur hulle aangetoon dat die Groot Trek verskeie gevolge, van uiteenlopende aard, gehad het. Van Jaarsveld beklemtoon dit in sy proefskrif (*Van Jaarsveld 1951:11*) dat die Groot Trek tot politieke verdeeldheid onder Afrikaners gelei het. Scholtz (1970: 610-611) sluit hierby aan. Hy is verder van mening dat die Afrikaners in die Kaapkolonie sterker deur die Britse kultuur beïnvloed is as dié in die Boererepublieke en dat sodoende 'n teenstelling tussen noord en suid onder Afrikaners ontstaan het wat in die twintigste eeu sou voortduur (Scholtz 1970:610-611).

C F J Muller het die Groot Trek waarskynlik deegliker bestudeer as enige ander historikus en, soos daarom verwag kan word, beskou hy dit as "die belangrikste enkele verskynsel in die Suid-Afrikaanse geskiedenis", hoewel hy besef dat toekomstige ontwikkelinge kan meebring dat die belangrikheid van die Trek deur latere historici anders beoordeel sal word (Muller 1974:18-19). Die Trek is volgens hom 'n betekenisvolle gebeurtenis in die geskiedenis van die hele Afrika; dit het daartoe bygedra dat Suid-Afrika 'n "Wit Reus" in Afrika geword het (Muller 1974:23), en verhoed het dat die "dun Blanke kolonisasiestroom in die mensemassa van swart Afrika heeltemal verbruin, vergeel en verblas" (Muller 1974:23). Soos Macmillan meen hy dat die Trek, as 'n opstand teen die Britse beleid van rassegelykstelling, daartoe gelei het dat die rasseebeleid van die Boere in Suid-Afrika bestendig is. Anders as Macmillan beskou hy hierdie gevolg nie as negatief nie, want dit het beteken dat die blankes die leiding kon behou en kon sorg dat Suid-Afrika se hulpbronne beter ontgin word en die land 'n hoër welvaartspeil as ander Afrikalande bereik. Al sou die binneland sonder die Trek waarskynlik ook uiteindelik wel oopgestel geword het deur die blankes, het die Trek aan hulle 'n voorsprong verskaf wat in die twintigste eeu die "tot dusver susksesvolle" verset teen swart oorheersing moontlik gemaak het (Muller 1974:23; vgl. Muller 1980:184).

In 'n latere werk skryf Van Jaarsveld (1982:151) dat die Groot Trek tot verdere bevolkingsverskuiwings gelei het. Die oostelike deel van die Kaapkolonie kon, nadat die Trekkers dit verlaat het, deur meer Britse koloniste bevolk word; die gebied het dus nou eerder 'n Engelse as 'n Afrikaanse karakter verkry. Die Trek het ook die binneland oopgestel vir die ontdekking en ontginding van goud en ander minerale, en as gevolg daarvan is groot getalle swartmense na die mynbou- en nywerheidssentra gelok (Van Jaarsveld 1982:151-152; vgl. Van Jaarsveld 1992: 110).

Venter (1985:67-73) glo eweneens dat die Groot Trek een van die belangrikste gebeure in die Suid-Afrikaanse geskiedenis was. Dit het 'n aantal uiteenlopende gevolge vir Suid-Afrika gehad. Die mees voor die hand liggende gevolg is dat die binneland vir blanke kolonisatie oopgestel is. Dit het ook gelei tot die uitbreiding van boerderybedrywighede en handel in die gebiede wat onder gesag van die Voortrekkers gekom het. Soos verskeie vorige skrywers reeds aangedui het, skryf hy verder dat die Trek tot groter kontak en meer konflik tussen blank en swart gelei het en dat dit uiteindelik daarop uitgeloop het dat die rasseebeleid van die Voortrekkers in die hele Suid-Afrika toegepas is. 'n Blanke minderheid het mag oor 'n groot swart meerderheid verkry en daarmee is swart nasionalisme aangewakker. Venter is verder van mening dat die Groot Trek die verhoudinge tussen die Boere en die Engelssprekende koloniste vertroebel en 'n kloof tussen die twee groepe veroorsaak het wat tot diep in die twintigste eeu voortgeduur het.

Latere skrywers duï nog sterker aan dat die Groot Trek vir Suid-Afrika en ook vir die Afrikaners positiewe én negatiewe gevolge gehad het. In 'n hoofstuk in die oorsigwerk *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika* wys Du Bruyn (1986:127-128) daarop dat die betekenis van die Groot Trek verskillend geïnterpreteer sal word deur verskillende bevolkingsgroepes; terwyl die Afrikaners die Trek sien as simbool van vryheid, beskou baie swart mense dit juis as deel van 'n reeks gebeure wat tot die verlies van vryheid gelei het. Die Trek was 'n sleutelgebeurtenis in die Suid-Afrikaanse geskiedenis omdat dit groot gebiede binne die invloedskring van die Westerse wêreld gebring het. Die Trek het egter nie 'n einde gemaak aan die onveilighed wat een van die redes was vir die Voortrekkers om die Oos-Kaap te verlaat nie, maar juis meer onveilige grense geskep. Die Trek het verder tot isolasie en daarvan tot intellektuele en kulturele verarming van die Voortrekkers en hul afstammelinge gelei (Du Bruyn 1986: 138). Du Bruyn is van mening dat die apartheid beleid nie geheel en al voortspruit uit die opvattinge van die Voortrekkers nie; die mynbou- en nywerheidsontwikkelinge van die laat negentiende en vroeë twintigste eeu het ook 'n belangrike rol gespeel in die ontstaan van hierdie beleid. Die Trek het wel, soos De Kiewiet reeds verklaar het, die ontwikkeling van Suid-Afrika onlosmaaklik aan die Afrikaners gekoppel en uiteindelik daartoe gelei dat hulle mag oor die hele land verkry het. Hierdie mag sal egter nie noodwendig permanent voortduur nie, en daarom kan die volle betekenis van die Trek nog nie gepeil word nie (Du Bruyn 1986:138-39).

In 'n nog resenter oorsigwerk skryf Van Aswegen (1989:274) dat die betekenis van die Groot Trek soms oorskot is, maar dat dit tog 'n gebeurtenis van besondere belang vir Suid-Afrika en al sy inwoners was. Hy gee die gevolge van die Trek baie kortlik in elf punte weer, wat nie verder verduidelik of bespreek word nie. Soos Du Bruyn meen hy dat die Trek tot die kulturele verarming van die Afrikaner gelei het, maar hierbenewens het dit ook tot ekonomiese verarming bygedra. Hy sluit aan by Macmillan se opvatting dat die ontstaan van 'n arm Afrikanergroep na die Groot Trek herlei kan word. Van Aswegen is van mening dat, hoewel die Trek aanvanklik die beskerming van kleiner swart gemeenskappe teen magtiger stamme en ryke meegebring het, dit op die lange duur tot groter "blanke druk" op die swartmense se grondgebied en tot meer konflik tussen blank en swart gelei het. Die Trek het egter ook handel en ander vreedsame vorme van interaksie tussen blanke en swart groepes tot gevolg gehad. Hierbenewens het die Trek die binneland makliker toeganklik gemaak vir sendelinge, en dus 'n toename in sendingwerk onder die swart stamme meegebring. Soos Muller en Van Jaarsveld meen hy dat die Trek die ontdekking van minerale in die binneland en sodoende ook die industrialisasie van Suid-Afrika verhaas het.

SLOTBESKOUING

Volgens van Jaarsveld (1961:191-192) is die term *Great Trek* waarskynlik vir die eerste keer in 1842 opgeteken en kom dit in die jare daarna in verskeie Engelstalige geskrifte voor.⁹ Eers vanaf die 1870's is die woorde *Groote Trek* in Nederlandstalige geskrifte te vinde. Van Jaarsveld haal dokumente en vroeë publikasies aan, en daaruit lyk dit asof diegene wat die begrippe *Great Trek* en *Groote Trek* vir die eerste keer gebruik het veral na die groot omvang van die Trek wou verwys en nie noodwendig die belangrikheid van die gebeurtenis wou beklemtoon nie (vgl. Visagie, 2005:2). Dit is strydig met Thompson (1985:173) se bewering, waarvoor hy bogenoemde werke van Van Jaarsveld en Muller as bronne vermeld, dat Afrikaners in die laat negentiende eeu die eerste persone was om die term Groot Trek te gebruik omdat hulle dit as "a great central saga in South African history" beskou het. Etherington (2001:342; 2002:192-193) onderskryf Thompson

⁹ Vergelyk ook Muller (1974:20-21; Visagie (2005:2).

se stelling. Dit lyk of Etherington se geskiedbeskouing, wat hy self as “incorrigibly materialist” karakteriseer (Etherington, 2001:xix), daartoe geleei het dat hy veral oppervlakkige ekonomiese en fisiese ooreenkoms tussen die verskillende trekbewegings raaksien en dieperliggende kulturele verskille ignoreer. Dit is eintlik slegs op grond van die aantal mense wat aan die verskillende “trekke” deelgeneem het dat verklaar sou kon word dat die Groot Trek nie groot of belangrik was in vergelyking met die “trekke” van swart stamme nie. Soos hierbo aangedui, beskou baie skrywers van die radikale rigting, waaronder die meeste swart nasionalistiese skrywers gereken kan word, die Groot Trek juis as deel van die Westerse kolonisasieproses in suidelike Afrika.

Uit die voorafgaande oorsig blyk dit dat interpretasies oor die betekenis van die Groot Trek dikwels deur besondere tydsomstandighede bepaal is. In die tyd van opkomende Afrikanernasionalisme gedurende die vroeë twintigste eeu het Afrikaanse skrywers in die eerste plek die belangrikheid daarvan vir die totstandkoming van die Afrikanervolk raakgesien. ’n Latere historikus soos Muller, wat skryf in ’n tyd toe Suid-Afrika (naas die destydse Rhodesië) oorgebly het as die enigste blank beheerde staat in Afrika, sien die betekenis van die Trek weer veral daarin dat hierdie gebeurtenis daartoe geleei het dat ’n “wit reus” in Afrika tot stand gekom het wat kon staande bly teen moondhede en bewegings wat daarop uit was om die politieke mag van die blanke minderheid tot ’n einde te bring.

In aansluiting hierby kan afgelei word dat sommige gevolge wat op ’n bepaalde tydstip as baie belangrik beskou is, tans minder belangrik lyk. Een daarvan is die gevolg wat De Kiewiet reeds in 1941 aangedui het, naamlik dat die Trek die hele Suid-Afrika met die Afrikaners verbind het. Die Trek het inderdaad daartoe geleei dat die Afrikaners oor ’n baie groter gebied versprei het en dit het weer daartoe bygedra dat hulle in ’n verenigde Suid-Afrika uiteindelik die dominerende groep kon vorm. Tans is die Afrikaners nie meer in beheer van die land nie. Nietemin het hulle vir ’n lang tyd ’n kardinale rol in die geskiedenis van Suid-Afrika gespeel en daarmee ’n groot invloed uitgeoefen op die kenmerke van die Suid-Afrikaanse samelewing van vandag.

Uit die oorsig kom dit verder na vore dat besondere geskiedbeskouings en uitgangspunte ’n sterk invloed gehad het op die wyse waarop die betekenis van die Groot Trek beoordeel word. Afrikanernasionaliste, historici met ’n sterk liberale agtergrond, Marxiste en swart nasionaliste het elk bepaalde gevolge aangedui en ten koste van ander gevolge beklemtoon. Dit blyk uit die werke van Etherington en andere dat bepaalde ideologiese raamwerke tot vandag toe ’n invloed het op die beoordeling van die gevolge van die Trek. Dit is veral latere Afrikaanse geskiedskrywers, onder wie die invloed van nasionalisme begin taan het, wat ’n ruimer visie op die Groot Trek openbaar deur die verskillende gevolge van die Trek naas mekaar te plaas en teenoor mekaar af te weeg.

Hiermee hang saam dat bepaalde beskouings oor die gevolge van die Groot Trek wat ’n lang tyd wyd aanvaar is, tans bevraagteken word. In hierdie verband is veral van belang die opvatting dat die Trek verhoed het dat liberale rassebeskouings in Suid-Afrika kon deurwerk en dat die weg hierdeur gebaan is vir die totstandkoming van die apartheidstelsel. Keegan, Maylam en andere toon oortuigend aan dat historici van die liberale skool te maklik aanvaar het dat humanitaire idees van Britse beleidmakers uiteindelik moes lei tot liberale rassepraktyke, waaronder gelyke politieke regte, in die kolonies.

Dit blyk ook dat baie van die stellings oor veral die langtermyngevolge van die Groot Trek moeilik bewys kan word. Vroeg twintigste-eeuse Afrikaanse historici het byvoorbeeld geskryf dat as die Voortekkers nie die Kaapkolonie verlaat het nie, hulle sou verengels het en dat ’n Afrikaanse volk dan nooit tot stand sou gekom het nie. Davenport en Saunders (2000:46, 53) is egter van mening dat die invloed van die verengelingsbeleid nie so groot was as soms beweer is nie. Gedurende die Britse bewindstydperk in die Kaapkolonie is wette steeds in Nederlands vertaal

en was Afrikaanssprekendes geregtig op tolke in die hof; verder is die Romeins-Hollandse regstelsel behou (vgl. ook Giliomee 2003:197-198). Skoolonderwys in Nederlands het nie verdwyn nie, al is dit geensins deur die koloniale regering bevorder nie (Giliomee 2003:211-212). Soos algemeen bekend, was daar dwarsdeur die negentiende eeu 'n groot aantal Afrikaanssprekende blankes en bruin mense in die Kaapkolonie. Die Eerste Afrikaanse Taalbeweging het in die Kaapkolonie begin nog voordat die Britse anneksasie van Transvaal in 1877 en die gebeure wat daarop gevvolg het 'n algemene oplewing van Afrikaanse nasionale gevoel laat ontstaan het (vgl. Van Jaarsveld 1957). Dit is dus glad nie ondenkbaar dat 'n nasionale gevoel en 'n aparte volksidentiteit net onder Afrikaanssprekende inwoners van die Kaapkolonie sou ontwikkel het nie. Eweneens aanvegbaar is die verband wat deur Macmillan, Van Aswegen en andere tussen die Groot Trek en die armlankvraagstuk gelê word. Bundy (1986:101-128) en Giliomee (2003:316) toon byvoorbeeld aan dat daar in die laat negentiende eeu ook in die Kaapkolonie, veral in die Karoo, arm landelike blankes te vinde was.

De Kiewiet se opmerking dat sonder die Groot Trek die Kaapkolonie sou kon ontwikkel het tot 'n staat met 'n hoofsaaklik blanke of Westerse kultuur en apart kon gebly het van die res van wat vandag Suid-Afrika is, is ook 'n onbewysbare stelling. In die loop van die negentiende eeu is die Kaapkolonie se grense ooswaarts uitgebrei en swartmense het in die vroeë twintigste eeu reeds 'n baie groot deel van die kolonie se bevolking uitgemaak. In die negentiende eeu het Europese ontdekkingsreisigers, sendelinge en handelaars die binneland van Afrika binnegedring; dit was die begin van die Europese kolonisatie van die hele vasteland. Die beskouing dat die Groot Trek die ontdekking van goud en diamante verhaas het, kan, gesien teen hierdie agtergrond, dan ook nie sonder meer aanvaar word nie. Die ontginning van die minerale in die gebied ten noordooste van die Kaapkolonie sou heel waarskynlik gepaardgegaan het met die uitbreiding van Britse gesag oor hierdie gebied, soos in elk geval met die diamantvelde gebeur het, en die gebied sou dan moontlik by die Kaapkolonie ingelyf of later daarmee saamgevoeg geword het.

Dit kom verder uit die oorsig na vore dat bepaalde gevolge van die Groot Trek deur sommige skrywers in positiewe terme uitgebeeld word, terwyl ander dieselfde gevolge in 'n negatiewe lig interpreteer. Die vroeë beskouing van Theal en andere dat die Groot Trek die Westerse beskawing en die Christendom in Afrika uitgedra het, is die keersy van die siening van die swart nasionaliste dat die Groot Trek tot die kolonisering en verdrukking van die inheemse bewoners geleei het. In meer neutrale terme sou vandag gesê kan word dat die Groot Trek meegebring het dat 'n groot aantal inheemse inwoners van Suid-Afrika sterk beïnvloed is deur die Westerse kultuur en ingeskakel het by Westerse politieke, ekonomiese en sosiale stelsels. So gesien, vorm die Trek deel van die proses van verwestering en modernisering wat vanaf die sestigiende eeu in groot dele van die wêreld plaasgevind het (vgl. Benyon, 1988). Die feit dat die swart meerderheid tans in Suid-Afrika politieke mag het, maak hierdie gevvolg nie noodwendig minder belangrik as wat dit 'n halfeeu vroeër gelyk het nie. Die huidige oorkoepelende politieke en ekonomiese stelsel in Suid-Afrika dra grotendeels 'n Westerse eerder as 'n inheemse Afrikakarakter.

Onder die langtermyngevolge van die Groot Trek is die een wat tans waarskynlik die sterkste uitstaan dat die Trek die verwestering en modernisasie van die oostelike helfte van Suid-Afrika aan die gang gesit het. Gesien as deel van 'n groter kolonisasieproses mag die Trek minder uniek en belangrik lyk as wat dit vroeër dikwels beskou is. Tog het dit daartoe geleei dat die kolonisasie van die oostelike dele van Suid-Afrika op 'n besondere wyse plaasgevind het en dit het dus aan die geskiedenis van die land 'n belangrike nuwe wending gegee. Dit kan vandag nie meer as dié sentrale gebeurtenis in die ontwikkeling van Suid-Afrika beskou word nie, maar tog as 'n sleutelgebeurtenis, van byna ewe groot belang as die vestiging van 'n Nederlandse kolonie aan die Kaap in die sewentiende eeu, waarmee die verwesteringsproses in die hele suidelike Afrika

'n aanvang geneem het. Die Groot Trek is een van 'n klein getal gebeurtenisse wat aan die ontwikkeling van die land 'n besondere wending gegee het. Baie historici sal waarskynlik ook die Britse oorname van die Kaapkolonie in 1806, die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902 en die oordrag van politieke mag aan die swart meerderheid in 1994 by hierdie gebeurtenisse insluit.

In die mees onlangse Afrikaanstalige oorsigwerk oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis (Giliomee & Mbenga 2007), waaraan egter nie net Afrikaanse historici meegwerk het nie, word die gevolge van die Groot Trek nie bespreek nie en word ook nie 'n aparte hoofstuk aan die Trek gewy nie. Dit kan moontlik gesien word as 'n reaksie, nou ook onder Afrikaanse skrywers, teen oormatige beklemtoning van die Trek in vroeëre geskiedwerke. Desnieteenstaande was die Groot Trek 'n groot gebeurtenis. Dit het 'n belangrike rol gespeel in die totstandkoming van die Suid-Afrikaanse samelewing soos dit tans daar uitsien. Daarom is dit waarskynlik dat historici ook in die toekoms die Groot Trek sal bly bestudeer en opnuut oor die gevolge daarvan sal besin.

BIBLIOGRAFIE

- Ajayi, J.F.A. (ed). 1989. *Africa in the nineteenth century, until the 1880s*. Paris: Unesco. (General History of Africa, volume 6.)
- Benyon, J. 1988. The necessity for new perspectives in South African historiography with particular reference to the Great Trek. *Historia*, 33(2):1-10.
- Beyers, C. 1941. Die Groot Trek met betrekking tot ons nasiegroei. *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 4(1):1-16.
- Bundy, C. 1986. Vagabond Hollanders and runaway Englishmen: white poverty in the Cape before poor whiteism. In W. Beinart, P. Delius & S. Trapido (eds). *Putting a plough to the ground; accumulation and dispossession in rural South Africa, 1850-1930*. Johannesburg: Ravan.
- Bundy, C. 2007. New nation, new history? Constructing the past in post-apartheid South Africa. In H.E. Stolten (ed). *History making and present day politics; the meaning of collective memory in South Africa*. Uppsala: Nordiska Afrikainstitutet.
- Cana, F. 1909. *South Africa, from the Great Trek to the Union*. London: Chapman & Hall.
- Carruthers, J. 2002. Book review of N. Etherington, *The Great Treks*. *Kleio*, 34:167-170.
- Cory, G.E. 1919. *The rise of South Africa; a history of the origin of South African colonisation and of its development towards the east from the earliest times to 1857, volume 3*. London: Longmans & Green.
- Cory, G.E. 1926. *The rise of South Africa; a history of the origin of South African colonisation and of its development towards the east from the earliest times to 1857, volume 4*. London: Longmans & Green.
- Davenport, T.R.H. & Saunders, C. 2000. *South Africa; a modern history*. London: Macmillan. (Fifth edition.)
- De Kiewiet, C.W. 1941. *A history of South Africa, social and economic*. Oxford: University Press.
- De Klerk, P. 2008. F.A. van Jaarsveld se *Die ontwaking van die Afrikaanse nasionale bewussyn na vyftig jaar*. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 48(3):338-356.
- Delius, P. 1983. *The Pedi polity, the Boers and the British in the nineteenth-century Transvaal*. Johannesburg: Ravan.
- Denoon, D. & Nyeko, B. 1984. *Southern Africa since 1800*. London: Longman. (Revised edition.)
- Du Bruyn, J.T. 1986. Die Groot Trek. In T. Cameron & S.B. Spies (eds.). *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Du Bruyn, J.T. 1997. Early Transvaal – a historiographical perspective. *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 36:136-144.
- Elphick, R. & Giliomee, H. 1989. The origins and entrenchment of European dominance at the Cape, 1652-c.1840. In R. Elphick & H. Giliomee (eds). *The shaping of South African society, 1652-1840*. Cape Town: Maskew Miller Longman.
- Etherington, N. 1991. The Great Trek in relation to the Mfecane: a reassessment. *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 25:3-21.

- Etherington, N. 2001. *The Great Treks; the transformation of South Africa, 1815-1854*. London: Longman.
- Etherington, N. 2002. Reviewing “the evidence” for the Great Treks. *South African Historical Journal*, 47:191-202.
- Etherington, N. 2008. Is a reorientation of South African history a lost cause? *South African Historical Journal*, 60(3):323-333.
- Fredrickson, G.M. 1981. *White supremacy; a comparative study in American and South African history*. Oxford: University Press.
- Freund, B. 1998. *The making of contemporary Africa; the development of African society since 1800*. Boulder: Lynne Rienner. (Second edition.)
- Gebhard, W.R.L. 1988. Changing black perceptions of the Great Trek. *Historia*, 33(2):38-50.
- Gie, S.F.N. 1939. *Geschiedenis vir Suid-Afrika van ons verlede, deel 2, 1795-1918*. Stellenbosch: Pro Ecclesia.
- Giliomee, H. 1981. Processes in development of the Southern African frontier. In H. Lamar & L.M. Thompson (eds). *The frontier in history; North America and Southern Africa compared*. New Haven: Yale University Press.
- Giliomee, H. 2003. *The Afrikaners; biography of a people*. Cape Town: Tafelberg.
- Giliomee, H. & Mbenga, B. (eds.). 2007. *Nuwe geschiedenis van Suid-Afrika*. Kaapstad: Tafelberg.
- Hamilton, C. 1995. Introduction. In C. Hamilton (ed). *The Mfecane aftermath; reconstructive debates in Southern African history*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.
- July, R.W. 1998. *A history of the African people*. Prospect Heights, Ill.: Waveland Press. (Fifth edition).
- Keegan, T. 1988. *Rural transformations in industrializing South Africa; the southern Highveld to 1914*. Johannesburg: Ravan.
- Keegan, T. 1996. *Colonial South Africa and the origins of the racial order*. Cape Town: Philip.
- Lester, A. 2002. Redrawing cartographies of power. *Journal of Southern African Studies*, 28(3):651-653.
- Macmillan, W.M. 1927. *The Cape colour question; a historical survey*. London: Faber & Gwyer.
- Macmillan, W.M. 1963. *Bantu, Boer and Briton; the making of the South African native problem*. Oxford: Clarendon. (Revised edition; first edition 1928).
- Magubane, B.M. 1979. *The political economy of race and class in South Africa*. New York: Monthly Review Press.
- Majeke (pseudonym of D.Taylor). 1952. *The rôle of the missionaries in conquest*. Johannesburg: Society of Young Africa.
- Malan, J.H. 1913. *Boer en barbaar of die lotgevalle van die Voortrekkers, viral tussen die jare 1835 en 1840*. Potchefstroom: Unie Lees- en Studiebibliotheek.
- Maylam, P. 2001. *South Africa's racial past; the history and historiography of racism, segregation and apartheid*. Aldershot: Ashgate.
- Muller, C.F.J. 1963. Die Groot Trek. In F.A. van Jaarsveld et al. *Die hervertolking van ons geschiedenis*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Muller, C.F.J. 1974. *Die oorsprong van die Groot Trek*. Kaapstad: Tafelberg.
- Muller, C.F.J. 1980. Die Groot Trek-tydperk, 1834-1854. In C.F.J. Muller (red.). *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geschiedenis*. Pretoria: Academica. (Derde uitgawe).
- Nathan, M. 1937. *The Voortrekkers of South Africa; from the earliest times to the foundation of the republics*. London: Gordon & Gotch.
- Omer-Cooper, J.D. 1966. *The Zulu aftermath; a nineteenth-century revolution in Bantu Africa*. London: Longman.
- Omer-Cooper, J.D. 1995. The Mfecane survives its critics. In C. Hamilton (ed). *The Mfecane aftermath; reconstructive debates in Southern African history*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.
- Parsons, N. 1993. *A new history of Southern Africa*. London: Macmillan. (Second edition).
- Parsons, N. 2002. Reviving the Treks debates. *South African Historical Journal*, 46: 308-312.
- Peires, J.B. 1989. The British and the Cape, 1814-1834. In R. Elphick & H. Giliomee (eds). *The shaping of South African society, 1652-1840*. Cape Town: Maskew Miller Longman.
- Preller, G.S. 1920. *Piet Retief; lewensgeschiedenis van die grote Voortrekker*. Kaapstad: Nationale Pers. (Tiende uitgawe).

- Reader's Digest (publisher). 1988. *Reader's Digest illustrated history of South Africa; the real story*. Cape Town: Reader's Digest.
- Saunders, C. 1988. *The making of the South African past; major historians on race and class*. Cape Town: Philip.
- Saunders, C. 2002. Great Treks? *South African Historical Journal*, 46:300-307.
- Scholtz, G.D. 1970. *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner, deel 2, 1806-1854*. Johannesburg: Voortrekkerpers.
- Smith, K. 1988. *The changing past; trends in South African historical writing*. Johannesburg: Southern.
- Theal, G.M. 1887. *History of the Boers in South Africa or the wanderings and wars of the emigrant farmers from their leaving of the Cape Colony to the acknowledgement of their independence by Great Britain*. London: Swan Sonnenschein & Lowrey.
- Theal, G.M. 1902. *Progress of South Africa in the century*. Toronto: Linscott.
- Theal, G.M. 1918-1919. *History of South Africa*. London: Allen & Unwin. (Fourth edition, 11 volumes).
- Thompson, L.M. 1985. *The political mythology of apartheid*. New Haven: Yale University Press.
- Thompson, L.M. 1995. Southern Africa, 1795-1870. In P. Curtin et al. *African history; from earliest times to independence*. London: Longman. (Second edition).
- Tsotsi, W.M. 1981. *From chattel to wage slavery; a new approach to South African history*. Maseru: Lesotho Printing and Publishing Company.
- Van Aswegen, H.J. 1989. *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854*. Pretoria: Academica.
- Van der Walt, A.J.H. 1951. Die Groot Trek tot 1838. In A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid & A.L. Geyer (eds.). *Geskiedenis van Suid-Afrika, deel 1*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Van der Walt, A.J.H. 1964. Die Groot Trek tot 1838. In A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid, A.L. Geyer & D.W. Krüger (eds.). *Geskiedenis van Suid-Afrika*. Kaapstad: Nasou. (Tweede uitgawe).
- Van Jaarsveld, F.A. 1951. *Die eenheidstrewe van die republikeinse Afrikaners, deel 1, Pioniershartstogte (1836-1864)*. Johannesburg: Voortrekkerpers.
- Van Jaarsveld, F.A. 1957. *Die ontwaking van die Afrikaanse nasionale bewussyn, 1868-1881*. Johannesburg: Voortrekkerpers.
- Van Jaarsveld, F.A. 1961. *Lewende verlede*. Johannesburg: Afrikaanse Pers- Boekhandel.
- Van Jaarsveld, F.A. 1962. *Die tydgenootlike beoordeling van die Groot Trek, 1836-1842*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Van Jaarsveld, F.A. 1963. *Die beeld van die Groot Trek in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing, 1843-1899*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Van Jaarsveld, F.A. 1974. *Geskiedkundige verkenninge*. Pretoria: Van Schaik.
- Van Jaarsveld, F.A. 1982. *Van Van Riebeeck tot P.W. Botha; 'n Inleiding tot die geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika*. Johannesburg: Perskor. (Derde uitgawe).
- Van Jaarsveld, F.A. 1984. *Omstrede Suid-Afrikaanse verlede; geskiedenisideologie en die historiese skuldvraagstuk*. Johannesburg: Lex Patria.
- Van Jaarsveld, F.A. 1992. *Afrikanergeskiedskrywing; verlede, hede en toekoms*. Johannesburg: Lex Patria.
- Venter, C. 1985. *Die Groot Trek*. Kaapstad: Don Nelson.
- Visagie, J.C. 2005. Etherington oor die Afrikaner en die Groot Trek. *Historia*, 50(1):1-21.
- Voigt, J.C. 1899a. *Fifty years of the history of the republic in South Africa (1795-1845), volume 1*. London: Fisher Unwin.
- Voigt, J.C. 1899b. *Fifty years of the history of the republic in South Africa (1795-1845), volume 2*. London: Fisher Unwin.
- Walker, E.A. 1930. *The frontier tradition in South Africa*. London: Oxford University Press.
- Walker, E.A. 1965. *The Great Trek*. London: Adam & Charles Black. (Fifth edition; first edition 1934).
- Willcox, A.R. 1976. *Southern land; the prehistory and history of Southern Africa*. Cape Town: Purnell.
- Wilson, M. & Thompson, L.M. (eds). 1969-1970. *The Oxford history of South Africa*. Oxford: University Press. (2 volumes).